# Betlehem Éfrata

14 Desember 2003

*Mig 5:1 "EN jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid."*

Ek het dit goed gedink om 'n gedagte vir hierdie Kersseisoen te deel – heel waarskynlik nogal 'n nuwe gedagte vir die meeste van ons.

**Betlehem Éfrata!**

Waarom *Betlehem Éfrata?* Die klein dorpie was en is nog klein en onbelangrik, en tog het God 'n keuse gemaak wat tot gevolg gehad het dat hierdie dorpie waarskynlik een van die mees beroemde dorpies in die wêreld is. Wanneer God 'n besluit neem, kan mens maar verseker weet dat daar 'n goeie rede is en dat die besluit nie op 'n lukrake wyse gemaak is nie. Stel jou voor dat 'n hemelse gesprek só gegaan het:

"O, ons het 'n plek nodig waar die Christus gebore kan word. Kom ons trek lootjies. O wag, dit het op Betlehem geval."

"Betlehem, waar is it?"

"Is dit nie êrens naby Jerusalem nie?"

"Ag wat, dit sal seker werk ..."

Nee, ek dink nie dit het so gebeur nie. Die keuse was geensins lukraak nie. Dit was ‵n goddelik-bestemde plek en ‵n goddelik-vasgestelde tyd. Waarom dan Betlehem?

## Betlehem se geskiedenis

Kom ons kyk na Betlehem se geskiedenis om te sien of ons ‵n leidraad vir die rede vir God se keuse kan opspoor. Ons lees die naam, *Betlehem Éfrata*. Waar kom *Éfrata* vandaan? Voordat ons dit vasstel, kom ons kyk eers na ‵n pragtige verhaal van geloof – wat aanvanklik skynbaar nie aan Betlehem gekoppel is nie:

Ons lees dat die volk van Israel deur God oppad na die beloofde land deur die woestyn gelei is. Toe hulle by die rand van die beloofde land aankom, het Moses twaalf spioene gekies – leiers uit die twaalf stamme van Israel – en hy het hulle gestuur om die beloofde land te gaan verken. Julle ken almal die verhaal van hoe die twaalf teruggekeer het en oor die oorvloed van die land getuig het. Maar tien van die spioene het gevrees.

*"Daar is versterkte stede en reuse in die land en ons sal dit nooit kan verower nie,"* het hulle uitgeroep.

Twee spioene het egter groter insig en geloof gehad, en het, ten spyte van die gevaar wat dit vir hulle ingehou het, verklaar wat hulle geglo het.

> *Núm 13:30 "Laat ons gerus optrek en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig."*

Die twee spioene wat so ‵n positiewe uitkyk gehad het, was Josua en Kaleb, en tussen die twee lei ons af dat Kaleb op daardie tydstip die hoof woordvoerder was. In

antwoord op hulle geloof het God wonderlike beloftes aan hierdie twee gemaak, waar Hy Kaleb (en Josua) se name eerste in Númeri 14:30 noem, en net Kaleb se naam in Númeri 14:24. Jehova het in besonder aan Kaleb belowe dat sy nageslag die land sou verower.

**Kaleb se versoek**

Kaleb het daardie belofte onthou, en 45 jaar later op die ouderdom van 85, toe Israel uiteindelik die land onder leiding van Josua ingeneem het, het hy ‛n ongewone versoek aan Josua gerig:

> *Jos 14:11 "Ek is vandag nog so sterk soos die dag toe Moses my uitgestuur het; soos my krag toe was, so is my krag nou nog, om te veg en om uit te gaan en in te gaan.*
>
> *14:12 "Gee my dan nou hierdie bergland waarvan YHWH daardie dag gespreek het; want u self het dié dag gehoor dat dáár Enakiete is en groot versterkte stede; miskien sal YHWH met my wees, sodat ek hulle kan verdrywe, soos YHWH gespreek het."*

‛n Mens sou dink dat Kaleb op die ouderdom van 84 sou wou terug sit en ontspan – maar nie Kaleb nie! Uit alle plekke om van te kies, vra hy vir die *bergland met versterkte stede waarin die Enakiete (reuse) gewoon het. Ek stel my voor hoe Jehova na daardie gesprek gesit en luister het en na die engel Gabriël gedraai en gesê het, "Dis my seun daardie!"*

**Kaleb se erfenis deur die generasies oorgedra**

Kaleb was ook nie alleen nie – hy het hierdie tipe moedige geloof in sy familie – sy kinders – ingebou. Dan lees ons ‘n bietjie verder (Josua 15:13-19) dat Ótniël, Kaleb se broerskind, ‘n stad ingeneem het, en vir sy dapper daad het hy die hand van Kaleb se dogter gewen. Kaleb se dogter was op haar beurt nie tevrede met haar lot nie en sy versoek met vrymoedigheid ‘n stuk grond met waterfonteine – sy was ‘n vrou met versiendheid! Ek is seker Jehova het behae in haar versoek gevind.

Waarom hierdie verhaal wanneer Betlehem-Éfrata eintlik onder bespreking is? Ons lees in 1Kronieke 2:18-20 dat Kaleb se vrou dood is en dat hy weer getrou het – sy nuwe bruid se naam was Efrat, ook Éfrata genoem (1Kronieke 2:50). Die plek waar hulle gewoon het, het as “Kaleb-Éfrata” bekend geword (1Kronieke 2:24). Dit is dan betekenisvol dat ons lees dat twee van Kaleb se kleinkinders, Kirjat-Jeárim (na wie die suidelike grensstad van Juda vernoem was), en Betlehem was – vandaar die naam Bethlehem-Éfrata! Bethlehem-Éfrata was dus deel van Kaleb se erfenis.

Die verhaal eindig nie hier nie. Ons merk ook dat die Regabiete afstammelinge van Kaleb was (1Kronieke 2:55), en hulle was ‘n goddelike familie en Jehova het belowe dat hulle nie gedurende die Babiloniese ballingskap saam met die res van Juda gevange geneem sou word nie (Jeremia 35:1-19). Hierdie belofte was wonderbaarlik vervul in die sin dat toe Nebukadnésar die hele volk van Juda na Babilon weggevoer het, die Regabiete van die min mense was wat wonderbaarlik in hulle eie land in vrede gelaat is. Jehova se belofte aan Kaleb is dus verder vervul.

**Jehova seën dié wie getrou is**

Wat is dan die betekenis van al hierdie dinge? Dit is eenvoudig dat Jehova 'n persoon seën wat Hom getrou dien en op Hom vertrou. Ons vind hier dat Kaleb as gevolg van sy getrouheid geseën was, en dat generasie ná generasie van sy afstammelinge nie net geseënd was nie, maar ook 'n betekenisvolle merk op die volk se geskiedenis gemaak het. Ons sien twee merkwaardige karakter eienskappe wat uit Kaleb se familie na vore kom – een is *dapper geloof en die ander is nederigheid met versiendheid. Die Regabiete was 'n nederige en gehoorsame familie wie, deur nie huise in hul eie land te bou nie (Jeremia 35:8-10), "verlang het na 'n beter stad ... 'n hemelse ..." Van sulke mense sê Hebreërs,*

> *Heb 11:16 "Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God ::genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei."*

Dit is dan betekenisvol dat ons met die heerlikste seën vir Kaleb se familie afsluit, en dit is dat die Messias uit hulle nederige dorpie – Betlehem-Éfrata gebore sou word! Jehova het nie van Kaleb se getrouheid vergeet nie. Hy sien wat ons doen en beloon getrouheid selfs in die volgende generasies. Die volgende Skrifgedeelte is dan so mooi:

> *Mal 3:16 "Toe het die wat YHWH vrees, met mekaar gespreek; en YHWH het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat YHWH vrees en sy Naam eer.*
>
> *3:17 "En hulle sal My tot 'n eiendom wees, sê YHWH van die leërskare, op die dag wat Ek skep, en*

*Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man medelyde het met sy seun wat hom dien."*

Jehova sien jou daad van liefde aan Hom. Wanneer jy gedurende hierdie Kersseisoen van *Betlehem-Éfrata* lees, onthou dat Jehova ook vir jou ken, en alhoewel jy miskien nietig voel, is jy nie te *"klein om te wees onder die geslagte van Juda"* vir Jehova om jou te onthou en sy liefde en seën oor jou en jou familie uit te stort nie.

Mag jou huis hierdie Christusfees vol geloof en liefde wees.

Met liefde aan elkeen van julle,

*Henry D Jackson*